


Voorhekslewe · Carstens & Grobbelaar

- p. 45 - Rynie
p. 50 Blood river
p. 53 AP +
p. 60 Ox wapn.
p. 68 Hau Dom De laag
p. 85
p. 107-8
p. 110 waterbottle
p. 162



VOORTREKKERLEWE

Rhe Carstens · Pieter W. Grobbelaar



Die knickerbroek.

Kommandant Hans (Densi de Lange) (Nata-ening van 'n ou voorstelling deur F. Viligraaff).




kom het. Blou nanking nankinet nankeen, 'n sterk en duursame katoenstof met 'n blou of rooi streepie of heeltemal bruin, is deur die "Doppers" as baadjies gedra. Die duffelse stof was meestal vaal of bruin van kleur. Dit is baie vir bo- en onderbaadjies gebruik. Movel was meer algemeen as ferwel. Leer vir klere was lvn gebriei en amper so sag soos doek. Dit kon nie maklik gewas word nie en is skoon gehou deur bv. suurlemoensap of suurye te gebruik. 'n Leerbroek was gewoonlik kort sodat dit nie in die gras sou nat en dus hard word nie. Soms is die gebreide vel van 'n

kalfie met die bout of wit getekende haarkant na buite, vir 'n onderbaadjie gebruik, maar dit was seldsaam.

Baie min word in die bronne oor die kinders se voorkous en klere geskryf, maar uit voorbeeldle wat behoue gebly het, weet ons dat hul klere baie soos dié van die volwassenes gelyk het. Die rokke van dogters is net soos dié van hul moeders gemaak en het ook tot op die voete gereik. Hulle is streng berispe of getug as hulle die klere vuil gesmeer of geskeur het.

Wat die seuns betref, sien ons dat hulle heel dikwels vellbrocke gedra het totdat hulle in die huwelik getree het.



Die uitvoerende groep van die trekkers van die Groot Trek onder leiding van J. H. Potgieter.

Sie was die eerste voortrekkers wat na die destyd Amstel, Rhenish, Potgieter, Peter, Breyer, Gerrit Marais en Berndt se plek stuur na hul weg vanaf die Vrystaat genoem en in die veld gesangen.

Tregardt en Van Rensburg se waspoore het al diep die binneland in gelê toe die groot verhuising van die "Emigranten", soos hulle aanvanklik bekend sou staan, begin het. Van die verskillende phase af het hulle eers na sentrale punte beweeg. Soos die Voorstrekker J. H. Hattingh, lid van die Potgieter-trek, dit later beskryf het: "Toen alles gereed was, werden de wagens ingespannen, ende beesten, paarden, schapen, ens., bijelkaar gemaakt. Men trok echter met weinig of geheel zonder volk, zodat de vrouwen en kinderen 'n klein vee moesten aansagen, de zonen moesten de paarden en beesten aansagen, en waren er geen zonen, dan waren de grote meisjes van 12 tot 20 jaren verplicht om dit ook te doen. Sommige meisjes moesten als leider gaan, sommige vrouwen als drijvers, terwyl andere wagens geheel zonder leider waren. Op dié manier moest men nu trekken tot op 'n besproken plek waar alle leden van de trek bijelkaar moesten komen, om van daar 'n lange rij van wagens te maken, ten einde in tijd van nood elkaar te kunnen helpen."

Van hier af het hulle verder na die grens van die Kolonie getrek. "Zo

ging 'n dag voor dag, zonder echter veel te vorderen, aangezien 'n vee niet so ver kon lopen zonder schade te krijgen, en de vrouwen en kinderen die 'n aanjoegen vermoeid werden van dit voor hen ongewoon werk. Sommige dagen moest men op een plek blijven staan met de wagens, opdat de mannen konden rieden om paarden, vee, enz., op te zoeken die achtergebleven waren. Eindelijk kwam men toch aan Grootrivier of Oranjerivier, maar hier ondervonden ze 'n grote teleurstelling doordat de rivier vol was, want 'n was sommer, de tijd der zware regens. De trekmensen hielden nu 'n kleine bijeenkomst, om 'n plan te maken die rivier door te gaan."

Aandoenlik teken hy hul oortog oor die rivier: "Gelukkig stonden er grote wilgebomen langs de rivier, welke nu afgekapt en tot 'n vlot gemaakt werden. Hierop werden de wagens – nadat zij afgeladen waren, – overgebracht; daarna de vrachten en dan 'n kleine vee dat niet kon zwemmen. Van de beesten en paarden zwommen partyd door.

"Eindelijk werk 'n gedeelte vrouwen, wier wagens overkant waren, ook op 'n vlot gebracht om over te

ders en twaalf bruin diensbodes om die lewe gebring.

Ons lees verder dat ná die Slag van Vegkop die blanke kinders en die bruummense die dooie swartes rondom die laer weggesleep het deur 'n riem om die nek van die lyk te sit. Aan die riem was daar een of meer "jukkies" waaraan hulle getrek het.

Tydens Retief se laaste besoek aan Dingane was daar sewentig blankes en dertig gewapende bruin agterryers in sy kommando. Met die aanval by die Bloukrans- en Boesmansrivier wat daarop gevolg het, is ongeveer driehonderd blanke mans, vroue en kinders en daarbenewens omstreng tweehonderd gekleurdes om die lewe gebring.

Dit blyk dat van die voormalige slawe saam met hul eienaars op trek was. Die slawe is in Des. 1834 voorlopig vrygestel, maar moes daarna nog vier jaar as ingeboektes, die sg. "apprentices" of apprenties, by hul meesters in diens bly. Smit skryf op 5 Nov. 1838 dat veldk. Gideon Joubert uit die KOLONIE in die laer aangekom het om onderzoek in te stel of die apprenties nie wou terugkeer na die KOLONIE nie, en of hulle nie teen hul sin gedwing is om op trek te gaan nie. Twee dae daarna het die apprenties voor Joubert verskyn. Behalwe ses, het almal verklaar dat hulle goed behandel is deur hul eienaars, dat hulle vrywillig saamgegaan het en nie na die KOLONIE wou terugkeer nie.

Uit die geskrifte kry ons 'n mooi beeld van Retief en sy volgelinge se houding t.o.v. die gekleurdes in die algemeen. In Julie 1837 vaardig Retief bv. die volgende instruksies uit, soos Preller dit weergee: "Die kommandant en sy veldkornette sal die mense molike sorg dra dat geen bedienende, van welke klas of kleur ook, mishandeld word; en hy sal verplig wees om sonder versuum die skuldige persone aan te gee, sonder enige onderskeid, opdat hul gestraf kan word ooreenkomsdig die betreffende wette.

"Die kommandant sal ook sorg dra dat niemand deur geweld besit neem van die kinders van Boesmans of ander inboorlingstamme, dat niemand hulle op enige onwettige manier vang nie, hulle nie wegneem van hul ouers of famielie nie, en hulle ook nie in sy besit hou nie. Enigeen wat hom skuldig maak, sal 'n boete betaal van nie

1837 27 Dec 39
Retief 1837

L. Dingane,
King of the Zulus

R 14 '36

D With compassion & kindness you inflict my
and justice with regard to my cattle taken by you from
Moselekatse I thank you, concerning the sheep, that you
so cheerfully offered to return them, but I wish you to
retain them for your own service and benefit. That
is my cattle, at present, were lost in '37.

③ Moselekatse I believe, because I have been in
your cattle at different villages, but none not found
them one of my own, Moselekatse, I have no doubt, is a bad
man he can not but think & feel that such punishment is very
conduct. Already am I much grieved that I have been
forced to kill so many of his people who only executed
such harsh orders. What has now happened to those
people we believe that the Almighty is all hearing God
much longer to live. From God's great
strength, who do such things as molestation
are severely punished, & not suffered long to live


④ you. And if you wish to hear more fully how God
treats such wicked things, you can enquire of all the
missionaries in your country, & you can believe what these
teachers tell you concerning of God & his powers over men.
The world, in regard to these things I must advise the
King frequently to these gentlemen who wish to touch
God's word; for they will inform him with what great
power God has governed & still governs all earth. King
so often the King it is a good thing for him,


⑤ I have allowed these children to go & in your country
I assure the King that these children have come to you
& because God has sent it into their hearts to do it, with
you can show you out of the tribe. But what I say, my
dear friend I must impress on your mind this sentence
at all, whether a little or much, who will not hear me
not, in helping these gentlemen ha
for your country or for your co
and. Udaaptithi Co

6. DIE TREKKER EN SY WA

Die kakebeentjie was die Trekkers se vertroue verzoenmiddel.
Wat hierdie wa sy naam besorg het, was die twee lewe aan weerstand
onderkant die tent wat die vorm van die onderkakeben
van 'n bees of perd gehad het.

Die um was van 12 tot 15 daal lank; ongeveer 3 tot 3,5 voet wyd,
en die hoogte van die buikpanke tot aan die bokant van die tent
ongeveer 5,5 voet. Die wa is van stink-, geel- of ysterhout gemaak,
die spek van assegashout en die vellings van wortel- of rooipechhout.





Waspoer in die rotse uitgetrap.

Oordrewe voorstelling van die moeilike passe wat soms met die ossewa aangedurf moes word (C. C. Michell).



Feitlik al die waens se tente was rond, maar Retief se twee waens het plat tente gehad, en die raamwerk was met wit seile oorgetrek. Ook Maritz het van hierdie platboog- of kaptente gehad. Die voor- en agterboë van die tent is met gras toegevleg sodat die seil nie gou kom deurskaaf nie. Die tent het feitlik die hele lengte van die wa in beslag geneem. In die tent self was 'n riempieskatedel met 'n matras, en dit was die verblyfplek van die vroue en kleiner kinders as die trekgeselskap op reis was.

Die wiele was kommetjiewiele, so genoem omdat die speke skuins in die naaf gevoeg is en dus die vorm van 'n kommetjie aangeneem het. Hierdie vorm was noodsaaklik om te verhoed dat die wa omslaan. Die wamakers het die wiele gewoonlik rooi en die leerhume groen geverf.

Op die wa self was min bêreplek. Om vir hierdie gebrek aan ruimte te vergoed, is agter die wa 'n trap gemaak. Dit is gebruik om op die wa te klim, 'n hoenderhok daarvan op te hanig, en ook as bêreplek vir potte, roosters, ens.

Met die trekkery is baie probleme ondervind. By die Tregardt-trek lees ons verskeie kere dat die mans besig was om pad te maak. Die vroue en kinders het dikwels hand bygesit met dié werk, en die vroue het die mans aangespoor om dit vinniger af te handel. Tregardt het ook die swartes probeer oorhaal om te help in ruil vir vee of iets anders. Hy skryf: "Ben wij ge-

gaan om de pad door te kappen. Omtrent middag kwam ouw Botha en Jan, had geen weg gevonden, en de poord had zij ook niet bezien; moes de andere dag bezien worden (. . .). Ik zei dat Pieta zeg, dat daar niets door ken (kan) als de water en de ongedierte (. . .). Ouwe Botha zei, dat wij ons hier zal doot werken, dat wij liever na een ander plaatsje of klooffie moet keijken. Ik vraag waar wij die vinden zal; zoo ver als wij die rivier af kom ten (kan); wij bij de bergh niet komen, en hoe ver is ik en Jan de rivier af gewees. Als wij nu verder soeken moet als wij weet dat niet te vinden is, kan wij liever die pad maken; is wij aan die werk gebleven. Die avond had wij die bosse door gekapt."

Hul trek oor die Drakensberge na Mosambiek was lank en moeilik. Tregardt-hulle het die berg aan die brand gesteek om die trek te vergemaklik. Dit het egter veroorsaak dat daar byna geen weiding vir die vee bo-op die berg was nie. Die waens is een vir een die berg opgeneem, elk met twintig osse voorgespan. Baie van die osse het egter steeks geweier om te loop. Die trek die berg op was uitputtend, maar met die afgaan het die eintlike probleme begin. Die berg was aan die seekant so steil en onbegaanbaar dat dit onmoontlik gelyk het om daar met 'n wa en osse af te kom. Carolus het later vertel: "Op drie plekke langs die berg was dit te skuins om 'n wa oor te laat, en moes vir die wiele aan die bokant 'n voortjie uitgegraaf word om die wa